KYRON AGRI

# DORAJECT LA +AD3E

## DIE BREË SPEKTRUM ANTIPARASITIESE MIDDEL

### MAAK INTERNE + EKSTERNE PARASIETE DOOD*

**PLUS 'n Vitamien A, $D_3$ & E aanvulling vir beeste & skape**

***"'n Langwerkende 1 % Doramektien inspuitbare oplossing aangedui vir die behandeling en beheer van maagderm rondewurms, parafilaria, spykerwurms en een-gasheer bosluise in beeste; en skaaprondewurms, skaapbrandsiekte, neuswurms, brommeraanvalle en jeukmyte in skape.***

*Beskikbaar in: 50 ml & 500 ml*

Reg. Nr. G3912 Wet 36/1947
NSO V13/18.1.8/1190 Wet 13/2003

***Registrasiehouer:*** *Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika. Tel: 0861 247 463.*
***Doraject AD3E:*** *Reg. Nr. G3912 Wet 36/1947, NSO V13/18.1.8/1190 Wet 13/2003. Doramektien 1,0 % m/v, Vitamien A 3,3 % m/v, Vitamien $D_3$ 0,01 % m/v, Vitamin E 5,0 % m/v.*

**SLEGS VIR DIEREGEBRUIK**

**DORAJECT + AD3E LA①†**
'n Langwerkende 1% inspuitbare antiparasitiese middel met vitamiene A, D3 en E vir gebruik by beeste en skape.

**VERSIGTIG**

**BERGINGSAANWYSINGS**
Berg in 'n koel, droë plek weg van direkte sonlig.

**SAMESTELLING**

| | | |
|---|---|---|
| Doramektien | 1,0 % | *m/v* |
| Vitamien A | 3,3 % | *m/v* |
| Vitamien D3 | 0,01 % | *m/v* |
| Vitamien E | 5,0 % | *m/v* |

**AANWYSINGS**
**Beeste**: DORAJECT +AD3E is 'n langwerkende 1 % inspuitbare oplossing aangedui vir die behandeling en beheer van maagderm rondewurms, parafilaria, spykerwurms en een-gasheer bosluise.
**Skape:** DORAJECT +AD3E is 'n langwerkende 1 % inspuitbare oplossing aangedui vir die behandeling en beheer van skaaprondewurms, skaapbrandsiekte, neuswurm, brommeraanvalle en jeukmyte.

**WAARSKUWINGS**
**ONTTREKKING**
- MOENIE BEESTE VIR MENSLIKE VERBRUIK SLAG BINNE 35 DAE NA BEHANDELING NIE.
- MOENIE SKAPE VIR MENSLIKE VERBRUIK SLAG BINNE 56 DAE NA BEHANDELING NIE.
- MOENIE IN DIERE GEBRUIK WAT MELK VIR MENSLIKE VERBRUIK PRODUSEER NIE.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Alhoewel hierdie produk breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

**VOORSORGMAATREËLS**
- Moenie leë houers hergebruik nie.
- Moenie rook of eet terwyl die produk hanteer word nie.
- Was hande deeglik na gebruik.
- Inentingsvoorsorgmaatreëls moet geneem word in areas waar die risiko van klostridiale infeksies by beeste en skape soos sponssiekte, kwaadaardige edeem en bloednier voorkom.
- Studies het getoon dat wanneer doramektien in aanraking met die grond kom, bind dit onmiddellik en stewig met die grond en raak na 'n ruk onaktief. Medisyne houers en enige residuele inhoud moet veilig weggegooi word deur dit te begrawe of verbrand, aangesien vry doramektien negatiewe effekte op visse en sekere water organismes kan hê.

**GEBRUIKSAANWYSINGS:** Gebruik slegs soos aangedui
**Toediening:**
Onderhuids: Spuit onder die los vel agter die skouer of nek of in die nekspiere. Die gebruik van 'n 16-maat 2,0 cm naald word aanbeveel. Gebruik gesteriliseerde gereedskap en volg aseptiese prosedures.

**Dosis beeste en skape:** 1 mℓ / 50 kg liggaamsmassa bv.

| Liggaams-massa (kg) | Dosis (mℓ) | Liggaams-massa (kg) | Dosis (mℓ) |
|---|---|---|---|
| 0 – 25 | 0,5 | 151 – 200 | 4,0 |
| 25 – 50 | 1,0 | 201 – 250 | 5,0 |
| 50 – 75 | 1,5 | 251 – 300 | 6,0 |
| 75 – 100 | 2,0 | 301 – 350 | 7,0 |
| 101 - 150 | 3,0 | 351 - 400 | 8,0 |

**DOELTREFFENDHEID: Beeste rondewurms**

| Rondewurms | Onvolwasse | Volwasse | Beheer teen hersmetting vir |
|---|---|---|---|
| Haarwurm *(Haemonchus placei)* | * | * | 21 dae * |
| Bruinmaagwurm *(Ostertagia ostertagi)* | * | * | 21 dae * |
| Beesbankrotwurm *(Cooperia* spp.) | * | * | 14 dae * |
| Haakwurm *(Bunostomum phlebotomum)* | * | * | --- |
| Knoppieswurm *(Oesophagostomium radiatum)* | * | * | 21 dae * |
| Valskneusing *Parafilaria bovicola* | ** ('n Tussenpose van 70 dae moet verloop na behandeling om toe te laat dat letsels gesond word) | | |

* Beheer ≥ 90 % doeltreffend
** Hulp in die beheer = 60 – 89 % doeltreffend

Hierdie lys bevat die meer belangrike endoparasitiese spesies. Dit kan ook effektief teen ander spesies gebruik word. Vir verdere inligting raadpleeg u veearts.

**DOELTREFFENDHEID: Beeste uitwendige parasiete**

| Parasiet | Aanbeveling | Herbesmetting periode |
|---|---|---|
| Spykerwurm (*Chrysomya bezziana*) | Dood spykerwurms wat teenwoordig is wanneer ingespuit word en beskerm teen spykerwurm besmetting vir 35 dae | Beskerm vir 35 dae |
| Bloubosluise *(Rhipicephalus decoloratus en Rhipicephalus microplus)* | Beheer bloubosluise. Behandel elke 45 dae | Verhoed herbesmetting vir 24 dae. |

**DOELTREFFENDHEID: Skaap rondewurms**

| Rondewurms | Onvolwasse | Volwasse |
|---|---|---|
| Haarwurm (*Haemonchus contortus*) | * | * |
| Bankrotwurm *(Trichostrongylus colubriformis)* | * | * |
| Langnekbankrotwurm (*Nematodrirus spathiger*) | ** | ** |
| Bruinmaagwurm (*Teladorsagia circumcincta*) | * | * |
| Knoppieswurm (*Oesophagostomum columbianum*) | * | * |
| Haakwurm (*Gaigeria pachyscelis*) | * | * |
| Grootbekwurm (*Chabertia ovina*) | * | * |
| Witbankrotwurm (*Strongyloides papillosus*) | * | * |
| Longwurm (*Dictyocaulus filarial*) | * | * |

* Beheer ≥ 90 % doeltreffend
** Hulp in die beheer = 60 – 89 % doeltreffend

**DOELTREFFENDHEID: Skaap uitwendige parasiete**

| Parasiet | Aanbeveling |
|---|---|
| Neuswurm *(Oestrus ovis*) | Hoogs doeltreffend teen alle stadia van neuswurm. |
| Brommeraanvalle (*Lucilia cuprina*) | Help in die beheer van brommeraanvalle. |
| Jeukmyte (*Psoregates ovis*) | Hoogs doeltreffend teen jeukmytinfestasie. |
| Skaap brandsiekte myte (*Psoroptes ovis*) | **Enkel inspuiting:** Dood skaap brandsiekte myte en beheer 'n uitbraak met 'n enkele inspuiting teen 1,5 mℓ per 50kg. Dit moet onder toesig van die Staat gedoen word. |
| | **Twee inspuitings:** Dit word aanbeveel dat Skaapbrandsiekte beheer word met twee behandelings teen 1 mℓ per 50 kg elk, 7-10 dae uitmekaar. |

**LET WEL:** Wanneer 'n uitbraak van brandsiekte by skape behandel word, is dit noodsaaklik dat:
a) Al die skape op die plaas akkuraat met die korrekte dosis behandel word en na behandeling gemerk word.
b) Al die diere moet 7 - 10 dae na behandeling ondersoek word en enige skape wat nie gemerk is nie moet behandel word.
c) Sorg moet gedra word dat die volle dosis aan elke skaap toegedien word.
d) Onder sekere omstandighede mag twee behandelings, 7 dae uitmekaar, nodig wees om alle brandsiekmyte te elimineer.

KYRON
AGRI

***Registrasiehouer:*** *Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika.*
*Tel: 0861 247 463.*